**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Appèlnommer : A88/2010

In die appèl van:-

**DIE STAAT** Appellant

en

**SELLO ANDRIES NYAMBUZA** Respondent

---

**CORAM:** HANCKE, WND RP *et* KRUGER, R *et* MOLEMELA, R

---

**AANGEHOOR OP:** 16 AUGUSTUS 2010

---

**UITSPRAAK DEUR:** HANCKE, WND RP

---

**GELEWER OP:** 19 AUGUSTUS 2010

---

[1] Die respondent (hierna genoem "die beskuldigde") is in 'n Streekhof skuldig bevind aan verkragting en ingevolge artikel 52(1)(b) van Wet 105 van 1997 na die Hoë Hof oorgeplaas vir vonnis. Op 6 Februarie 2006 is hy deur die hof *a quo* gevonnis tot ses jaar gevangenisstraf waarna die hof *a quo* verlof verleen het aan die Direkteur van Openbare Vervolgings om teen die vonnis te appelleer.

[2] Ter aanvang kan net gemeld word dat die partye dit *ad idem* is dat daar wel wesenlike en dwingende omstandighede ingevolge die gemelde Wet teenwoordig is wat die oplegging van ‘n ligter vonnis regverdig as die van lewenslange gevangenisstraf. Daar is gewigtige versagtende én verswarende omstandighede in hierdie saak teenwoordig. Wat die versagtende omstandighede betref, is hy ‘n algehele eerste oortreder wat gebore is op 14 Desember 1985, d.w.s hy was 18 jaar en 10 maande oud tydens die pleging van die misdryf. Namens hom is aangevoer dat hy berou het, maar blyk dit dat eers tydens die verhoor, toe ‘n skuldigbevinding onafwendbaar was, die berou na vore gekom het. Hy het ook te kenne gegee dat hy die ouers van die klaagster om verskoning wil vra. Hy blyk ook nog op skool te wees toe hierdie voorval plaasgevind het en blyk dit volgens die mediese getuienis dat die klaagster nie fisiese beserings opgedoen het nie.

[3] Wat erg verswarend is, is die feit dat die klaagster slegs vyf jaar oud was tydens die voorval en ook volgens haar voorkoms, volgens die hof *a quo*, inderwaarheid kleiner lyk as ‘n vyfjarige dogter. Daar rus ‘n dure plig op die howe om

jong kinders teen gewetenlose geweldenaars te beskerm, veral waar die klaagsters baie jonk is. Vergelyk **S v TYATYAME** 1991 (2) SASV 1 (A) te 7 f. Volgens die rekord was die beskuldigde en die klaagster aan mekaar bekend, omdat die klaagster gaan speel het by ‘n maatjie op die beskuldigde se erf. Daar was duidelik ‘n vertrouensverhouding tussen die klaagster en die beskuldigde wat gruwelik deur die beskuldigde misbruik is.

[4] Ten spyte van die afwesigheid van fisiese beserings, is dit duidelik dat die klaagster erg getraumatiseerd was na die voorval. Gesonde verstand dui aan dat ‘n voorval soos hierdie ‘n emosionele impak moet hê op ‘n jong meisie soos die klaagster. In **VILAKAZI v S** [2008] 4 All SA 396 (HHA) verklaar Nugent A.R. op 413 par. [56] die volgende:

> “In this case there is very little upon which to measure the emotional impact of the offence upon the complainant..... It is sufficient to say that it is evident from the literature that emotional distress and damage that accompanies rape might be extensive even if it is not manifested overtly and even more is that so in the case of young girls.”

[5] ‘n Soortgelyke houding blyk in **S v MAHOMOTSA** 2002 (2)

SASV 435 (HHA) waar Mpati A.R. op 441 teenoor par. [11] die volgende verklaar:

> "While it may theoretically be possible that a victim of rape committed in the circumstances and manner I have described may not suffer any psychological damage other than that experienced while the attack is taking place and in its immediate aftermath, it is in the highest degree unlikely. Where as here, the complainants were young girls, it is quite unrealistic to suppose that there will be no psychological harm."

[6] Aanduidings van die emosionele impak van die voorval op die klaagster, blyk uit die feit dat haar moeder getuig dat sy na die voorval nagmerries kry, haar bed natmaak, nie meer in die straat saam met die ander kinders wil speel nie en bang is vir manspersone.

[7] Die hof *a quo* het na my mening fouteer om daarna te verwys dat hierdie moontlik

> "'n geval is van 'n hoërskoolseun wie se drange hom oorweldig het en hy dit toe op misplaaste wyse tot uitvoering gebring het".

Die regspraak is duidelik dat 'n man se viriliteit, ongeag sy

ouderdom, nooit 'n versagtende faktor kan wees wanneer hy verkies om dit te bevredig deur 'n vrou se regte te misken deur teen haar wil met haar gemeenskap te hê nie. Vergelyk **S v MAHOMOTSA**, *supra*, te 442 d - f. Ondanks die beskuldigde se jeug was hy al voorheen in 'n seksuele verhouding betrokke en is hy dus nie heeltemal onkundig of naïef nie.

[8] In soverre gesteun word op die saak van **DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGINGS v McNELLY** (Appèlnommer 590/2000 gelewer op 21 Junie 2001) neem dit nie die saak enigsins verder nie. Die klaagster in daardie saak was sewe jaar oud, terwyl die beskuldigde 17 jaar oud was en was die Wet op Minimum Vonnisse in daardie saak dus nie van toepassing gewees nie. Insgelyks is die saak van **S v PN** 2010 (2) SASV 187 (OK) waar 'n 19-jarige beskuldigde wat 'n 3-jarige dogtertjie verkrag het en lewenslange gevangenisstraf opgelê is, ook nie op die punt af nie. Dit is belangrik dat elke saak volgens sy eie feite en omstandighede beoordeel word.

[9] In die lig van al die feite en omstandighede van hierdie saak meen ek dat hierdie een van daardie ernstige gevalle is waar

die persoonlike omstandighede van die oortreder moet swig voor die gemeenskapsbelang en dat dit belangrik is dat 'n duidelike boodskap na die gemeenskap uitgestuur word dat hierdie optrede nie geduld sal word nie. Dit volg dus dat die hof *a quo* se vonnis in die omstandighede treffend onvanpas is.

Bygevolg slaag die appèl. Die opgelegde vonnis van ses jaar gevangenisstraf word tersyde gestel en vervang met 'n vonnis van elf jaar gevangenisstraf, teruggedateer 6 Februarie 2006.

**S.P.B. HANCKE, WND RP**

Ek stem saam.

**A. KRUGER, R**

Ek stem saam.

**M.B. MOLEMELA, R**

Namens die appellant: Adv. S. Giorgi
In opdrag van:
Direkteur van Openbare Vervolgings
BLOEMFONTEIN

| | |
|---|---|
| Namens die respondent: | Mnr. J.D. Reyneke<br>In opdrag van:<br>Regsentrum<br>BLOEMFONTEIN |

/sp